

05 Pakistan



“Ons bestaan as Christene in Pakistan het eindelose dae van oorlewing geraak... Ons voel asof gedeeltes van ons lewens vernietig is en ons waardigheid vir die honde in die veld gegooi is...”

– Pastor Sabqat*

Streek	Suid-Asië
Christen bevolking	1.9 %
Meerderheidsgeloof	Islam
Bron van vervolging	Islamitiese onderdrukking



Oor Pakistan

Pakistan het 'n sterk Islamitiese samelewing. Radikale Islamitiese groepe oefen al meer invloed uit en politieke partye, die weermag en regering. Christene is die teikens van gewelddadige aanvalle deur ekstremiste en word oor die algemeen as "onrein" behandel. Hulle word mishandel onder Pakistan se berugte godslastering-wette en dit maak Christene bang om hul geloof met vrymoedigheid uit te leef.



Ons Werk

Bid vir Christene wat beskuldig word van godslastering, dat hulle nie geweld of bende-geregtigheid sal ervaar nie, en dat hulle sterk sal staan te midde van die groot risiko.

Geopende Deure ondersteun die Kerk in samewerking met plaaslike kerke en bedieningsvennote deur geletterdheidsopleiding, werkskepping, noodleniging vir slagoffers van gewelddadige vervolging, 'n vrouebediening, Bybelse geletterdheid, opleiding vir pastore, berading en traumaterapie.

